

# Vrydag 13 Augustus

Skrifgedeelte: Job 19	Fokusgedeelte: Job 19:6
-----------------------	-------------------------

## Om God te sien!

Job is nie net in ellende gedompel nie, sy vriend Bildad beskuldig hom dat hy 'n sondaar is en dat dit die direkte oorsaak van sy ellende is.

Tog bly Job volhard in sy onskuld. Hy worstel met God. Hy worstel met die donker in sy lewe, sy lyding, maar dis 'n gelowige worstel, nie 'n verwyttende aanklag teen God nie. Dis hoe hy sy ellende beleef: die goed kom van God af (vs 6).

Al vertel Job van sy verskriklike situasie dat hy alleen is – familie, huismense, slawe, vrou, kindertjies verafsku hom ... Al vertel hy van sy liggaamlike lyde, hy is net vel en been, sy tande het uitgeval ... kan ons nie anders sien dat geen mens dit op sigself sal maak nie ... as deur die stille werking van die Heilige Gees wat Job van binne-uit laat bly glo het, laat glo het teen alle oormag negatiewe dinge in, dat sy Losser leef en dat hy God sal sien!

Dit was mos al in hoofstukke 1 en 2 duidelik dat Job 'n ware gelowige is. Daarna smag Job elke oomblik met sy hele lewe: om God te sien!

In ons Here Jesus se lyde is Job se woorde vervul. Job het nie die rede van sy lyde geweet nie. Jesus het – en deur sy lyde aan die kruis voortgebeur sodat ons kan sê: Ek weet my Verlosser leef!!

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Dr. PK Lourens (Pieter) (Emeritus)*